PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
In u lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVII VRYDAG, 21 APRIL 1972 Nr. 4

( CHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

## Studenteraadskonferensie:

# STUDENTERADE MEER PROMINENT

**„HIERDIE vergadering beveel aan dat alles in werking gestel word om Afrikanerstudente, wat deel uitmaak van 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap wat uit 'n verskeidenheid van volke bestaan, op die terrein van die student 'n helder en duidelike rol te laat speel in die lands- en studenteaangeleenthede."**

So kan die samesprekings op die onlangse Studenteraadskonferensie van A.S.B.-geaffilieerde sentra in Pretoria opgesom word. Die konferensie is bygewoon deur 72 S.R.-lede, verteenwoordigend van die grootste blok Suid-Afrikaanse studente — 25 000 in totaal — van Pretoria, P.U. vir C.H.O., Stellenbosch (ASVS), Port Elizabeth, R.A.U., U.O.-V.S., G.O.K. en N.K.P.

**Wysig**

Om hierdie doel na te streef is besluit om die struktuur te wysig. Op aandrang van mnr. Kobus van der Walt van die PUK en mnr. Gert Meyer van U.P. is aan die Hoofbestuur aanbeveel dat groter prominensie aan die Studenterade verleen word en dat alle S.R.-aksies dus eintlik A.S.B.-aksies sal wees.

Die Christelike-nasionale grondslag van die ASB word steeds gesien as basis vir funksionering. Hierdie beginsel word deur niemand bevraagteken nie, maar metodes hoe om dit aggressiewer uit te leef en 'n moontlike herformulering daarvan geniet aandag.

**Positief**

Die algemene gevoel onder die lede was dat die Afrikaanse student te midde was hierdie herstrukturering en identifisering van oogmerke hom moet ontkoppel van al die negatiewe emosie wat aan die naam ASB geheg word.

Algemene en besondere skaafplekke wat aandag geniet het op die konferensie sluit ook in sake soos die onkunde, oningeligtheid en wanopvattinge aangaande die ASB op kampusse, sogenaamde ipso facto lidmaatskap, mislukking van plaaslike komitees, en die tweeslagtigheid van die ASB, nl. sy aard as kultuurorganisasie en sy funksie as verteenwoordigende liggaam. T.o.v. laasgenoemde probleem was die gevoel dat die ASB sy kultuurtaak skei van sy verteenwoordigingstaak en na buite tree op 'n algemene patroon, terwyl die ASB op interne terrein effektief kultuurvormend fungeer.

**Waarheen:**

Oor die vraag waarheen die Afrikanerstudent wil, het mnr. Leon Wessels hom as volg uitgelaat: „Vandag se jongmens word geen tree beweeg met emosionele oproepe om die identiteit en kultuur van die Afrikaner te vewaar nie. Hy is vasgevang in die magneetveld van Chinese en Russiese bedrywighede in Suider Afrika, geestelike terrorisme en die kloof wat besig is om te ontstaan tussen ons nasionale volksgroepe. Hy misken nie sy Afrikanerbloed nie, maar dink progressief vorentoe en is primêr funksioneel ingestel". Juis daarom voel mnr. Wessels dat, alhoewel geen partypolitieke koppeling verlang word nie, die ASB 'n groter rol moet speel in die breë landspolitiek sowel as in die ontplooiing van ons verhoudingsprolbematiek. Verder moet venyniger standpunt ingeneem word teen NUSAS en die draers van liberale en onpatriotiese denkpatrone.

**Ondersoeke**

Die konferensie het gevolg op ondersoeke op al bg. kampusse t.o.v. die organisasie en struktuur. Volgens mnr. Wessels sal 'n konsepgrondwet nou opgestel word. Dit sal gedurende die eerskomende hoofbestuursvergadering bespreek word. Daarna sal sodanige grondwet aan S.R.e. beskikbaar gestel word vir suggesties en kommentaar. Aangesien die kongres die beleidmakende liggaam in die ASB is, sal finale besluite eers in Junie in Bloemfontein geneem kan word.

## Studenteraad Ontbind

Volgens 'n spesiale uitgawe van NUX, die studentekoerant van die Universiteit van Pietermaritzburg, is die Studenteraad van die inrigting ontbind deur die Studenteraadsvoorsitter, mnr. Tim Dunne.

Hulle voer drie redes aan hoekom die Studenteraad gefaal het. Eerstens het die studenteraad nooit die nodige basiese ondersteuning van die studentepubliek geniet nie.

Ook het te veel van die Studenteraadslede te min vir die Studenteaangeleenthede gedoen.

Verder het die Studenteraad te veel outokratiese mag besit.

Nou word 'n beroep op alle belanghebbende studente gedoen om hulle vir die nuwe verkiesing bereid te verklaar!



Tydens die besoek van die Maties is daar samesprekings oor gemeenskaplike probleme en sake gehou. V.l.n.r. verskyn mnr. Tom Bisschoff, mnr. Buks Hertzog, die S.R.-voorsitter van die Maties, mnr. Kobus van der Walt en mnr. Leo van Schaik. *Fotokuns.*

# MATIES BESOEK P.U. EERSTE KEER

**OP WOENSDAG 29 Maart het die volledige Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch die Puk besoek. Volgens mnr. Kobus van der Walt was dit 'n baie suksesvolle en aangename besoek.**

Dit is die eerste keer in die geskiedenis dat 'n Studenteraad van Stellenbosch die Puk amptelik besoek en sedert die Studenteraad van Puk Stellenbosch in 1967 besoek het, was daar geen amptelike besoeke tussen die twee Studenterade nie.

**Skakeltoer**

Die Maties het Woensdag 12-uur hier aangekom en vanaf 2.30 nm. het daar samesprekings tussen die twee Studenterade plaasgevind. Die aand is die Maties in 'n plaaslike hotel onthaal. Ander universiteite wat ook deur die Maties besoek is, is U.O.V.S., Witwatersrand, U.P. en 'n besoek aan die Universiteit van die Noorde is beoog, maar dit was nie moontlik om die Maties daar te ontvang nie.

Tydens die samesprekings is veral klem gelê op die verskil in gesagstrukture op die verskillende kampusse. By die Maties berus die gesag by die monstervergadering wat selfs 'n referendum kan uitskryf om die mening van die studente te verkry.

By die Puk is die Studenteraad die hoogste gesag in die studentelewe en hulle ontvang op hulle beurt weer al hulle gesag van die Raad van die P.U. Tydens massavergaderings het die studentemassa slegs 'n aanbevelende stem.

**Konferensie**

'n Verdere besprekingspunt was die moontlike Studenteraadskonferensie wat Stellenbosch besig is om te reël en waarby hulle poog om alle Suid-Afrikaanse Studenterade te betrek. Op volkerebasis sal blanke en nie-blanke studente mekaar amptelik ontmoet oor gemeenskaplike studentesake. Hierdie agendapunt is bespreek aan die hand van motivering vir skakeling en skakelingsmetodes.

Bespreking oor die betrekking van dagstudente by studenteaktiwiteite het prikkelende gedagtes na vore gebring. Op Stellenbosch woon dagstudente so ver as Bellville, Paarl en die Strand. Die Plaaslike Studente-organisasie (P.S.O.) het 'n huis tot hulle beskikking waar kantore en ontspanningslokale ingerig is, asook 'n eie koerant, *Die Kanarie*. Waardevolle wenke oor die betrekking van dagstudente op die Puk is verkry.

**A.S.B.:**

Wat die A.S.B. betref, het die Studenteraad van die Maties voor hulle skakeltoer slegs in beginsel besluit om by 'n nasionale studente-organisasie aan te sluit. Tydens die besprekings het hulle nie aangedui watter studente-organisasie hulle in gedagte het nie en die kwessie van her-affiliëring by die A.S.B. is deur hulle ontwyk.

„Dit is die standpunt van die Studenteraad van die P.U. dat met enige samesprekings met 'n ander Studenteraad op amptelike vlak die bespreking werklik sinvol moet wees en dit moet lei tot 'n konstruktiewe resultaat", het mnr. Kobus van der Walt gesê. „In hierdie geval het die samesprekings beantwoord aan die doel en die Studenteraadslede is dit almal eens dat dit noodsaaklik was om met 'n Afrikaanse Studenteraad uit die Suide samesprekings te voer."

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 89b en c.
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK



Mev. Titia Ballot, afgeneem in haar smaakvolle ingangsportaal. *Fotokuns.*

# EENVOUD KENMERK SMAAK

**ELKE VROU kom een of ander tyd te staan voor die vraag wat sy moet aantrek, hoe sy moet grimeer en hoe sy haar huis moet versier sodat dit eenvoud weerspieël, maar tog smaakvol vertoon.**

Tydens 'n onderhoud wat gevoer is met mev. Tetia Ballot, verbonde aan die Departement Beeldende Kunste, is bogenoemde aspekte deur haar bespreek.

„Elke mens het 'n persoonlikheid of beeld („image"). Eers wanneer 'n mens jouself ken en *weet* wat hierdie beeld moet wees, kan jy met die grootste gemak kies tussen die verwarrende verskeidenheid grimeringsmiddele, klere of huishoudelike ware. Kortom streef daarna om jouself te wees; met behulp van of ten spyte van die nuutste modegiere," sê mev. Ballot.

„Wees getrou aan jou persoonlikheid en nie 'n slaaf van die mode nie. Indien jy ontuis voel met vals wimpers en in 'n sjoebroekie of in 'n woonkamer vol delikate oudhede, sal jy ook ontuis daarin lyk. Wanneer EENVOUD jou uitgangspunt is, loop jy minder gevaar dat jy „verkeerd" aangetrek of gegrimeer sal wees vir 'n spesifieke geleentheid. In 'n tyd waar modes so vinnig en so radikaal verander, betaal dit ook om die sg. „klassieke" snit na te streef want so 'n uitrusting bly veel langer in die mode".

„Dieselfde geld vir meubels: eenvoud van lyn en kleur asook funksionaliteit bly altoos „in die mode". Eenvoud in die interieur verg selfdissipline; net so min as wat jy 'n oormaat van juwele dra, moet jou huis ook nie volgeprop word met versierings. Waak daarteen om alles gelyktydig uit te stal of op te hang — wissel eerder jou besitting af."

Die gedagte wat telkens uit bogenoemde afgelei kan word, is dat EENVOUD jou uitgangspunt ten opsigte van alles moet wees; en EENVOUD kenmerk SMAAK.








**Op die foto verskyn Philma van Rensburg (links) wat tesame met Adrè van Rensburg (regs) derde gekom het in die klavierafdeling. In die middel is Cecile Kirchner wat die sangafdeling gewen het. Kuesta se kunsfees het verder bestaan uit die uitstalling en beoordeling van verskeie artikels soos keramiek, skilderkunds, silwersmeewerk en fotogsafie. Ben van der Walt het 'n derde plek behaal in die fotogsafiese afdeling.** *Fotokuns.*

# KUESTA '72 SLAAG PRAGTIG

Die afgelope vakansie is 'n groot groep Pukke per trein na Stellenbosch om Kuesta '72 by te woon. Die daaglikse program het bestaan uit kursusse in bv. blommerangskikking, bergklim, wyn-, kuns en musiekwaardering, veld en blom, fiksheid vir rugby, motorherstelwerk vir mans en dames en ander. kursusse.

**Kursusse:**

Tussenin was daar egter genoeg tyd vir goeie ontspanning. Ons het verneem dat Lena Schoeman besonder goeie laagvatte gevat het in die damesrugbywedstryd tussen die Noorde en die Suide. Die Kuesta-gangers praat verder met lof van die groot vrugtefees wat vir hulle gereël is, die besoek aan die Nico Malanteater en 'n verskeidenheidkonsert in die stadsaal. Die hoogtepunt was 'n maskerbal wat gehou is en waartydens Mej. Kuesta aangewys is. Lana Conradie hou ons naam hoog met haar verkiesing as een van die ses finaliste. Sommige ander Pukdames het ook die eer gehad om 'n kaas-en-wyn geselligheid saam met min. Connie Mulder by te woon.

# ASTER

DEUR JESSICA

# WENKE VIR 'N GOEIE FOTO

**VANDEESWEEK het ons 'n bietjie met mnr. Piet van Maarleveld, alias Piet Fotokuns, gaan gesels om te hoor of ons nie iets kan doen aan sy moedeloosheid nie. Hy is moedeloos omdat die studente nie weet wat gedoen moet word as hulle kom laaat foto's, en veral portretfoto's, neem nie.**

Die neem van portretfoto's is baie belangrik vir elke persoon.

Portretfoto's word gestuur vir jou sleep, vir jou ouers, vriende, dit word ook gebêre totdat jy eendag oud is. Dit is dus belangrik dat jy op jou beste sal vertoon.

Die sukses van 'n portretfoto is 50% afhanklik van die fotograaf en die ander 50% is afhanklik van die persoon wie afgeneem word. Waarom die fotograaf? Hy moet die tegniek ken. Daar moet 'n aanvoeling wees tussen hom en die persoon wat afgeneem word. Hy moet die nodige mensekennis besit om binne 'n baie kort oomblik die persoon op te som om te weet hoe die foto geneem moet word. Hy moet byvoorbeeld weet om die beligting by die persoon se gelaatstrekke aan te pas.

Die fotograaf met oppas vir roetine. Elke foto wat geneem word is 'n uitdaging. 'n Mens het dit in jou om foto's te neem of jy het dit nie, want jy moet weet hoe laat 'n mens 'n lang nek kort lyk, 'n krom neus reguit en 'n vet gesiggie maer te laat lyk.

Oom Piet gee die volgende raad aan dames:

Gesindheid. 'n Simpatieke houding en bereidwilligheid is nodig en natuurlik die lus wees om graag van jou 'n foto te laat neem. Dit moenie 'n las wees nie, dan gaan die resultate van die foto maar treurig wees.

Ontspanne: Dit is baie belangrik dat jy ontspanne is wanneer die foto geneem word. Dan alleen kan jou beeld te volle tot sy reg kom.

Haarstyle: Die ideale vorm vir elke gesig is ovaalvormig; almal het natuurlik nie so 'n vorm nie, tog kan dit verkry word deur die hare so te kam dat die gesig ovaalvormig vertoon. Die dames kan eksperimenteer watter haarkapsels hulle die beste pas.

Grimering: Dames moet nie te swaar gegrimeer wees vir die fotonemery nie. Baie poeier en die „beplakte voorkoms" moet vermy word. Oë: Mascara moet nie te dik aangewend word nie.

Mond: Lipstiffie moet verkieslik nie van 'n baie ligte kleur wees nie, maar beslis ook nie daardie outydse donkerrooi wat nou weer neig om mode te word nie.

Wange: Eksperimenteer met donker en ligter onderlaag oormekaar om byvoorbeeld die wangbene te rhoog.

Kleredrag: Die kleur van die kledingstuk maak nie saak nie, swart moet egter vermy word. 'n Lang nek kan verberg word deur 'n hoë kraag, 'n vet, ronde gesiggie lyk skraler as die halslyn van die rok nie styf om die nek sit nie en effens laag is. 'n Rok sonder moue of 'n bandhiesrok vertoon mooi skouers pragtig.

Graadfoto's: 'n Effekleurige rok moet gedra word.

Lag: 'n Vriendelike glimlaggie lyk altyd beter as 'n skaterlag waarvoor 'n mens later na moeg word om na te kyk.

Pukke, kom ons lewer samewerking volgende keer as ons van ons portretfoto's laat neem. Dit sal net tot ons voordeel wees en die fotograaf sal sekerlik sorg dat ons op ons mooiste vertoon.

# NAWEEKONTSPANNINGSKOMITEE IN LEWE GEROEP

**DIE STUDENTERAAD het op sy jongste vergadering 'n naweekontspanningskomitee in die lewe geroep onder voorsitterskap van mnr. Rudi van der Walt. Die komitee sal 'n staande komitee van die studenteraad wees. Die komitee se doel is om alle ontspanning op die kampus gedurende naweke te koordineer en, waar moontlik, leemtes te vul.**

Op die PUK is daar 'n groot tekort aan aktiwiteite waaraan studente kan deelneem gedurende naweke. Die gevolg is dat die student ontspanning buite die kampus soek. 'n Organisasie is nodig om in verskillende behoeftes te voorsien.

Die komitee gaan van hoofliggame en koshuise gebruik maak om te help. 'n Koshuis wat bereid is, kan soos in die verlede alreeds gebeur het, 'n braaivleis, boeresport of iets dergliks aanbied om sy koshuiskas aan te vul. Die komitee maak staat op die onderskeie koshuise se oorspronklikheid.

Wat hoofliggame betref, sal die A.O.B. en A.B.K.K. hoofrolle vertolk. Besoeke aan verskillende flieks in Johannesburg en elders, operaopvoerings, orkesuitvoerings en yskaatsbane word beoog, plaaslike kunstenaars en orkeste wat by die kafeteria wil optree, sal aangemoedig word. Die S.S.B., K.V.V., P.N.B. en S.A.B. sal ook betrek word. Om 'n paar voorbeelde te noem kan 'n sportklub soos byvoorbeeld die duikklub, skyfies vertoon oor hul aktiwiteite of 'n akedemiese vereniging kan filmvertonings oor verskillende vakgebiede aanbied.

Die komitee beoog die volgende:

1. Flieks — binneshuis sowel as opelugvertonings, waarna Pukke kan optrek met perdevelle. Hier kan die pasgestigde filmvereniging baie help. Die vereniging gaan hom hoofsaaklik tot dokumentêre films bepaal.

2. Bywonings van kulturele aanbiedinge soos operas, toneelopvoerings en orkesuitvoerings.

3. Uitstappies na yskaatsbane, vakansieoorde, pieknieks en die tienpenrolbalbaan te Vanderbijlpark.

4. Sportbyeenkomste as deelnemers of toeskouers, veral sportsoorte soos ski, roei en duik.

5. Laastens maar nie die minste nie: Sleepfasiliteite en sleepaksies. Die komitee neem in ag dat dit vanjaar skrikkeljaar is. sodoende die dames die geleentheid te gee om die mans te betrek.

Daar sal 'n spe iale plek op die kennisgewingbord afgesonder word waar alle aksies op die kampus, sowel as flieks in die dorp, bekend gemaak sal word.



**Mnr. Rudi van der Walt.**
*Fotokuns.*

Die komitee sal saamgestel word uit lede van verskillende hoofliggame en verenigings sodat koordinering maklik kan geskied. Die name van die lede sal later in die Wapad verskyn.

Alle persone of groepe wat dus aksies gedurende naweke wil reël, kan met die komitee skakel vir gratis reklame, plakkate en vir kennisgewings op die bord.

# STUDENTERAADSLEDE OP TUISLANDTOER

**NA AFLOOP van die Studenteraadskonferensie van A.S.B.-geaffilieerde sentra (sien hoofberig) is 'n uiters geslaagde toer van vyf dae deur die tuislande van N-Tvl. onderneem. Altesaam 52 lede, vergesel van twee beamptes van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling wat as gashere opgetree het, het die toer meegemaak.**

Een van die hoogtepunte het reeds die eerste aand plaasgevind toe die groep so bevoorreg was om die tradisionele Dombadans van die Vendas te sien. Die volgende dag se program het 'n ontmoeting met die Uitvoerende Raad van die Venda ingesluit.

Toerlede was veral beïndruk met die Arabie Landbouskool en Boaparankwe Skool vir seuns van Kapteins en Hoofmanne naby Groblersdal asook die Opleidingskollege vir Onderwysers by Berlyn.

Een van die hoogtepunte wat ontspanning betref, was 'n Adamsgewaadswem onder spreiligte in die swembad van Giyani. Slegs die mans het dit bygewoon. Films omtrent Tuislandontwikkeling is in die aande aan die groep vertoon en Bantoeland-bouinstrukteurs het lesings gegee. Daarbenewens is besoek gebring aan 3 sendinghospitale, 'n ouetehuis en 'n saagmeule.

Ongelukkig kon die groep a.g.v. lang afstande wat gereis moes word nie soos beplan die sitrus- en sisal en ernemings by Berlyn besigtig nie.

# P.A.S.V.-TOER NA MOSAMBIEK

Nadat ons Donderdagoggend vroeg deur die Greyhound bus opgepik is, en toe 'n drie uur vertraging in Pretoria gehad het, toe moes Stephan nog natuurlik deur die nooduitgang van die bus val. Dit het blykbaar a.g.v. 'n opwindende droom plaasgevind, en hy kon homself net nie keer nie.

Mense, 450 myl in 'n bus is eindeloos. Nog nooit was 'n hotel so 'n welkome gesig nie . . . ! By Vilanculo het ons al ons bakleiwyn, Laurentina en ander minder belangrike voorrade aangekoop. Ons is met twee bote en 'n seiljag oor na Margarucque toe. Roger en Piet het plek-plek op die sand met die seilbote vasgesit, maar het dit darem oorleef.

Ons het orals gebly, in tente, op die sand, in gate en sommer in hangmatte. So met 'n omdraaislag was al die slaapsakke vol sand ook nie meer te 'n aardigheid nie. Party ouens het ook ongelukkig gevoel toe die gety hulle vroeg die volgende og gend om die tone kielie.

Bruggroepe is gevorm, staptoere is gereël, en ander was mal oor niksdoen. Almal het gedoen net wat hy wou, waar en wanneer hy wou. Kookspanne van 6 het gesorg dat die spyskaart darem meer as een dag gewissel het tussen pap en vis en vis en pap. Een dag wou Buddyhulle gaan kyk het wat gaan aan agter die koraalrif by Basarutu maar nadat oom haai toe so vriendelik vir hulle daar van anderkant af loer, besluit hulle dit is heeltemal mooi genoeg hier aan die duskant.

Sleep en 'n afgesonderde eiland pas wonderlik bymekaar. Ou slepers, nuwe slepers, alles het mekaar net te goed 'afgesiesel' en aangevul . . . !

Vrydagoggend moes ons Margarucque vaarwel toewuif. Dit was tegelykertyd so 'n gemende gevoel van lekkete en hartseer — iets soos gemengde speserye!

Tog vreemd om nie meer uit jou middagslapie wakker geruk te word met die deurdringende stem van Capie met „M.F. Waar's jy, jou koei!" nie, en om jou woordeskat weer by die van 'n beskaafde deel van die samelewing aan te pas nie.

Een ding bly nog net die belangrikste — „Vive la Pharmacy!"

# Volkspele by skole

Die Aprilvakansie was vir die volkspelers 'n toervakansie. Saterdag, 8 April, vertrek die toergroep onder leiding van Jan de Kock met die doel om volkspele onder die publiek, en veral onder skoolkinders, aan te wakker.

As teruggedink word aan die sukses wat die toergroep gehad het, vergeet elke toerlid mt genoeë al die uitputting wat daar ook deurgemaak moes word. Daar word veral gedink aan die welslae wat behaal is op dorpe soos Naboomspruit, Nylstroom, Brits, Koster en Ventersdorp. Op Koster was die sekretaris van volksang en volkspele, mnr. Opperman, ook by die demonstrasie teenwoordig.

Die toer het egter nie net bestaan uit volkspele speel nie, maar is ook veral gekenmerk deur die PUK se studentegees. Baie herrinneringe'kleef aan die jolyt en bergklimpyn wat op Naboomspruit deurgemaak is.

Die aande om die braaivleisvure, die werk van die pynpolisie by die Hartebeespoortdam en die benoude oomblikke by die Malatireservaat sal nooit aan die vergetelheid oorgelaat kan word nie.

# FLORNA TOER NA MOSAMBIEK

Florna, een van die PUK se aktiefste buitelug organisasies, het weereens 'n onvergeetlike kamp op sy kerfstok geplaas die afgelope vakansie. Twee-en-veertig Pukke plus die toerouers, Chris en Jana van Rijssen, het na Mosambiek getoer.

Althoewel die voorbereiding baie tyd in beslag geneem het, het dit nie die geesdrif gedemp nie. Onder die bekwame en ervare leiding van toerleier Flip Dwinger het almal uiteindelik paspoorte en inentings gehad, sodat die groep om 12.30 nm. op 29 Maart vanaf die kampus kon vertrek. Die eerste aand is op die grens geslaap vir 'n hele paar die eerste werklike buitelug slaap.

Na slegs een gebarste band het die groep laatnag by Ponta Zavora gearriveer, om daar verwelkom te word deur Toy dos Santos, die Portugesie wat verlede jaar tydens die PUK se Karnaval-konsert opgetree het. Toy en sy vriend, wat 'n meester van die klassieke kitaar is, het een aand op hul eie 'n kampvuurkonsert vir die Flornaniete aangebied.

Daar was een aand ook selfs 'n „restaurant-ete" in die binneland, 'n uitstappie wat nie deur almal ewe veel waardeer was nie, want die kos was nie juis vyfster-gehalte nie! „Singsongs" was aan die orde van die dag (of liewer nag) want Klawerhof se sêr-groep was sterk verteenwoordig — Corrie Buys oefen nou nog om „Jan-Jan, bielie van die Bosveld" te sing

Op amoreuse gebied het 'n hele paar manne ook nie gras onder hulle voete laat groei nie geen name, geen feite! Elke dag was perfek vir swem, maar skynbaar nie vir visvang nie.

Met die terugkeer was daar 'n lang oponthoud 30 km. vanaf Lourenco Marques toe die bus se verkoeler ingegee het. Florna het Lourenco Marques dus eenuur die nag binnegevaar! Om 2 vm. op 9 April het 'n klomp fisies uitgeputte, maar geestelik versterkte Pukke in Potchefstroom aangekom.

Volgens gesoute Flornalede was dit een van die suksesvolste toere met die beste gees wat ooit deur Florna gereël is. Florna maak dalk volgende jaar weer so!



**Wilma van der Dool en Elizabeth Steyn in 'n tipiese Flornastyl afgeneem tydens die Ponta Zavora-kamp die afgelope vakansie.**
*Fotokuns.*

# Geografie na Boland

Dertien derdejaarstudente en vier dosente het die jaarlikse Geografiese opvoedkundige toer meegemaak.

Die departement reël jaarliks 'n toer met die doel om die fisiesgeomorfologiese en menslike aspekte van die betrokke gebied te ondersoek. Al die inligting wat op die toer verskaf word moet verwerk word vir eksamendoeleindes.

Vanjaar was die hoofbestemming die Suidwes-Kaap en Boland, maar onderweg het hulle 'n gedeelte van die Noordkaap en Suidoos-Kaap ook so bolangs gedek.

Die groep het meer as 5 000 kilometers afgelê. Die vervoerkoste word gedek deur die P.U. en die res deur die studente self.

**LINDEQUE'S** SKOENREPARASIES EN LEERWERKE
Lombardstraat 64, Telefoon 4854.



★
*Spesiale pryse aan Studente.*
★
Depots:
**Bult Droogskoonmakers en Wesvaal Waassery.**

DIT IS DIE SNIT WAT TEL . . .



★ Alba broeke
★ Alba pakke
★ Monatic hemde
★ Battersby hoede
★ Gregory sokkies

**TOD SUTTIE'S**
*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*
Posbus 219 — Kerkstraat 177 Tel. 3411
POTCHEFSTROOM

# Skakeling met Nie-Blanke Universiteite 'n Noodsaaklikheid

DEUR CALLIE COETZEE (Th.B.IV).

'n Betoog vir *amptelike* skakeling met andersdenkendes, anderstaliges, andervolkiges en anderkleuriges het in ons tyd net so alledaags geword soos die weervoorspelling. Die tyd waarin ons leef kan inderdaad getipeer word as die tyd van dialoog, kommunikasie, skakeling. Nie alleen in die wêreld- en landspolitiek nie, maar ook in die studentepolitiek heers daar 'n ongekende strewe om kontak te maak, in gesprek te tree oor die taalgrens en dikwels ook oor die kleurgrens heen.

**Kontak:**

Wanneer ons nou ook in hierdie rubriek 'n betoog lewer dat die Studenteraad van ons Universiteit gerus daaraan kan dink om bietjie kontak te maak, kan die indruk gewek word dat ons ook maar net graag in die mode wil wees, graag wil saamsing in die koor van ons tyd.

Sodanige indruk sou verkeerd wees. Immers, uit die onlangse verlede kan voorbeelde genoem word van kontak wat deur Studenteleiers van ons Almal Mater gemaak is. As Direkteur van Afrika-aangeleenthede op die A.S.B.-Hoofbestuur het 'n Pukstudent onlangs 'n besoek aan Malawi gebring. Gedurende 1967 het die Studenteraad 'n uitgebreide skakeltoer onderneem na 'n hele aantal ander blanke universiteite in ons land. Gedurende 1969 is 'n konferensie van Studenterade van alle Afrikaanse universiteite op ons kampus aangebied. En gedurende dieselfde jaar is 'n Studenteraadsvoorsitterskonferensie van alle Afrikaanse en Engelse universiteite beplan, wat egter afgelas moes word omdat die Engelse studente, of sommige van hulle altans, nie die plaaslike reëlings wou aanvaar nie. En so sou ons die voorbeelde kon vermenigvuldig om die bewering te staaf dat daar inderdaad al vir 'n geruime tyd so iets soos 'n skakelprogram op die agenda van die Studenteraad bestaan.

**Skakeling:**

Hierdie spesifieke betoog behels egter die motivering van die volgende stelling: Dit het dringend noodsaaklik geword dat die Studenteraad aandag skenk aan die skakeling met Bantoe-universiteite en hulle studente. In die ruimte tot ons beskikking wil ons probeer om hierdie stelling te motiveer aan die hand van enkele gedagtes.

In die eerste plek wil ons die bewering maak dat die skakeling met Engelse Universiteite en studenteleiers vir die huidige ter syde gelaat kan word ter wille van skakeling met Bantoeuniversiteite. Die grond vir hierdie bewering vind ons hoofsaaklik in die herhaaldelike mislukking van enige poging om vrugbaar met die Engelse studenteleiers te kommunikeer. Verder is dit ons oortuiging dat ons weet waar ons met mekaar staan en dat daar in die voorsienbare toekoms skynbaar geen verandering sal kom in die gesindhede wat wedersyds geopenbaar word nie, solank elkeen van die groepe vashou aan die ideologiese uitgangspunt wat die basis vir die gesprek vorm.

**Redes:**

Die saak wat nou dringende prioriteit moet geniet in die die skakelprogram van die Studenteraad, is die kontak met Bantoe-universiteite. En wel om die volgende redes:

1. Die kommunikasiestrewe wat ons tyd kenmerk het deure geopen en geleenthede geskep wat positief benut moet word.

2. Anders as in die geval van die Engelse studente, bestaan daar tussen ons en die Bantoestudente 'n groot mate van onkunde t.o.v. mekaar se gesindhede, strewes en probleme. Ons weet nog nie wat ons aan mekaar het en waar ons met mekaar staan nie.

**Studentemening**

3. Sodanige skakeling kan 'n baie belangrike rol vervul in die opbou van goeie menseverhoudinge, wat in ons tyd so 'n aktuele saak geword het.

4. in Gevestigde, goed-beplande en bloeiende studentelewe op georganiseerde vlak aan die P.U. vir C.H.O., motiveer ons om met vrymoedigheid en selfvertroue ook aan die Bantoestudente leiding, raad en advies te gee in die uitbouing en organisasie van hulle eie studentelewe. En wat 'n belangrike faset van die universitêre opset en die vorming van die student tot volwasse, roepingsbewuste mens behels die georganiseerde studentelewe nie?

5. Die beginsel van ons Universiteit, wat ook die grondslag vorm van ons georganiseerde studentelewe moet uitgedra word aan hulle wat veelal nog soekend rondswalk tussen talle uiteenlopende idologieë. Die skat wat ons ontvang het, moet ook aan ander meegedeel word. Ons Bantoe-buurstudente moet bewus gemaak word van die heerlike voorreg om ook as studente in die lig van God se Woord te mag leef, in ons wetenskapsbeoefening, en in ons studentwees in die algemeen. Die uitdra van hierdie beginsel vorm die belangrikste enkele motivering vir skakeling.

**Voorwaardes:**

Uit bogenoemde motivering kan reeds afgelei word dat daar ook bepaalde voorwaardes verbonde is aan die skakeling met Bantoe-universiteite. Ons volstaan ook hier met net 'n paar gedagtes.

1. Dit moet doelgerigte skakeling wees. Geen onoorspronklike saamsingery in die koor van ons tyd, net om in die mode e wees nie. Geen gesprek ter wille van 'n gesprek nie, maar vrugbare, doelgerigte kontak.

2. Daar moet by ons 'n openhartigheid en vrymoedigheid wees om ook van hulle iets te leer. Ons het soveel om aan hulle te bied, maar wie weet hoeveel ons nie ook daar kan ontvang nie?

3. Daar moet kontinuiteit wees. Daarvoor sou dit nodig wees om aanvanklik slegs met een universiteit te skakel en daarvan 'n vaste agendapunt te maak.

Die geskiedenis sal 'n positiewe oordeel uitspreek oor die belangrikheid van die skakeling met mense met wie ons saam in hierdie land geplaas is, ook as studente. Gaan die Studenteraad hierdie agendapunt ter tafel neem?

die WAPAD

# DEELNAME AAN STUDENTELEWE

ALLE STUDENTE aan die P.U. is hier met 'n gemeenskaplike doel: om hulleself te verryk en voor te berei vir die beroepslewe. Om akademies geskool te wees, is 'n vereiste in enige beroep en daarom is dit uiters noodsaaklik om die nodige aandag te gee aan hierdie aspek van die universiteit.

Die woord *universiteit* hou verder verband met die woord *universeel*, wat *alles omvattend* of *algemeen* beteken. Om aan 'n universiteit te studeer hou dus veel meer in as net akademiese studie. Aan 'n universiteit moet ondervinding op alle terreine opgedoen word wat vir elke student van waarde kan wees in sy latere lewe.

Van die grootste belang is dat elkeen met die persone om hom moet kan klaarkom. In hierdie verband het deelname aan die georganiseerde studentelewe 'n positiewe vormende waarde. Geen persoon kan in 'n lugleegte leef nie; ook in die studentelewe is dit onmoontlik om jouself van jou medestudente af te skei.

Tog is daar studente aan die Puk wat dit nie die moeite werd ag om dit wat in die studentelewe aan hulle gebied word, te waardeer en te gebruik nie. Studente-aksies wat geloods word om onderlinge samesyn te bevorder, het vir hulle geen waarde nie.

Daar kan met waardering getuig word dat daar baie moeite gedoen word om die georganiseerde studentelewe toeganklik en interessant vir alle studente te maak. Die feit dat hier persone met wyd uiteenlopende persoonlikhede en belangstellings saamgesnoer word in 'n afgeslote gemeenskap, word terdeë in ag geneem

Dit verdien vermelding dat daar onlangs nog 'n komitee van die Studenteraad in die lewe geroep is, by name die Naweekontspanningskomitee. Hierdie komitee se doelstellings sentreer om die gedagte van konstruktiewe ontspanning tydens naweke. Dit dui daarop dat die belange van die studentegemeenskap terdeë aandag geniet en dat daar gepoog word om die georganiseerde studentelewe voortdurend uit te bou en vernuwing te bring.

Hierdie stap in die studentelewe is egter nog eensydig in die sin dat daar wel geriewe geskep kan word vir naweekontspanning, maar dat dit vrugteloos sal wees as daar geen reaksie van die studentemassa se kant kom nie. Die geslaagdheid van hierdie stap is dus in die hande van die massa self. In die georganiseerde studentelewe geld dieselfde beginsel as op ander terreine, naamlik dat daar nie net geneem moet word nie, maar ook gegee moet word.

In hierdie laaste gedeelte van die eerste semester bereik die aktiwiteite in die georganiseerde studentelewe die hoogtepunt. Baie tyd, moeite en koste word deur die verskillende liggame en besture bestee om ontspanning aan die massa te bied. Is dit dan nie redelik dat daar van elke student verwag kan word om sy volle gewig by hierdie aktiwiteite in te gooi nie?

Die enigste wyse waarop ons ons dank kan betoon vir die oorspronklikheid en ywer van die persone wat aan roer van sake staan, is om hulle ons heelhartige ondersteuning te bied.

# Uit die Woord

**VER VAN MY HULP — (Ps. 22:2-19)**

IN PSALM 22 word 'n aantal ondervindinge van die smekende psalmdigter vermeld wat letterlik op die lydenspad van Christus in vervulling gegaan het.

Nadat hulle Hom gekruising het, het hulle Sy klere onder mekaar verdeel, sodat die profetiese woorde vervul sou word: „Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad die lot gewerp" (Matt. 27:35; Joh. 19:23-24; vgl. Ps. 22:19). *'n Psalmdigter kan ook onder die leiding van die Heilige Gees 'n profeet wees!*

Watter gelowige Bybelleser wat die klag „my tong kleef aan my verhemelte" (Ps. 22:16) lees, dink nie sondermeer aan die klag „Ek het dors" (Joh. 19:28), wat uitgespreek is sodat die Skrif vervul sou word nie? Ook die skare wat van die noordekant af Jerusalem ingekom het om Paasfees te vier en spottend die ware Paaslam gehoon het (Matt. 27:39-47), se woorde het alreeds in hierdie Ou-Testamentiese Psalm opgeklink: „Laat dit aan die HERE oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry: Hy het mos behae in Hom!"

Miskien is die digter Dawid juis so gelei om sy eie smart en lyding beeldryk te beskrywe op 'n manier, moeilik voorstelbaar ten opsigte van homself, omdat dit ook moes heenwys na 'n hoër en dieper lyding wat sy hoogtepunt bereik het toe Jesus Christus die beginwoorde van hierdie Psalm aan die Kruis uitgeroep het (Matt. 27:46). So het Christus Hom in daardie oomblik ook ver van sy hulp en heil gevoel. Dit was eintlik die swaarste wat Hy moes verduur.

Nadat Hy dit verduur het, het die vooruitsig van die laaste deel van Psalm 22 egter 'n werklikheid geword. Die lyding wat in diens van God staan, dien 'n hoër doel; die lyder wat onder Gods bestel ly, dien 'n ruimer kring as net homself. Die heidene wat tot nog toe ver van God af geleef het, het nadergekom as gevolg van die feit dat Hy ook ver van God af was. (Ps. 22:28-32).

En so het ook ons wat woon aan die „eindes van die aarde" (Ps. 28), die geleentheid gekry om nader te kom. Ook die grotes van die aarde sal kom, omdat hulle in Sy lyding die ware nederigheid gesien het. Daarom kan die Nagmaalsformulier so treffend sê dat Hy Hom „verneder het tot in die allerdiepste versmaadheid en angs van die hel, met liggaam en siel aan die kruishout, toe Hy met 'n groot stem uitgeroep het: My God, my God, waarom het U my verlaat? — sodat ons tot God geneem en *nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie.*"

I.B.


# Redaksie

HOOFREDAKTEUR:
Gerrit Pienaar (6370).
SUBREDAKTRISES:
Amanda Attwell (3211).
Nicolette van der Walt.
SEKRETARIS-PENNINGMEESTER:
Dave van der Walt (2067).
SIRKULASIEBESTUURDER:
Kobus van der Walt (2030).
ALGEMENE NUUS:
Quintus Pelser (2171).
SOSIAAL:
Wilma van der Dool.
DAMESBLAD:
Jessica Knoetze (3214).
KOSHUISAANGELEENTHEDE.
Riaan Odendaal (2024).
AKADEMIES:
Willemien Jehrling (2037).
KUNS:
Jessica Knoetze (3214).
SPORT:
Gert van Jaarsveld (2030).
FOTO'S:
Danie van Graan (4722).
Geneem deur Fotokuns.
SPOTPRENT:
Erich Feierabend.

# DEUR MY LENS

As gevolg van moontlike misverstand is dit nodig om kortliks terug te keer tot **burokrasie** waaroor 'n vorige in uitgawe gehandel is. Dit moet beklemtoon word dat onder burokraie nie die universiteitsowerheid verstaan moet word nie. Hierdie is immers 'n rubriek *uit* studente *vir* studente.

Verder moet beklemtoon word dat elke verdere rubriek gelees moet word in die lig van die heel eerste.

★ ★ ★

Mens kry hulle in elke loop van die samelewing: die protesteerders. Soms word hulle betogers, soms revolusioniste, soms ontevredenes genoem, afhangende van die situasie waaronder hulle protesteer.

Wat ook al die omstandighede, soos die armes en die oues van dae sal ons hulle ook altyd met ons hê. Hy sal byvoorbeeld altyd sy hare binne redelike perke dra, maar sodra hy verneem dat lang hare ongewens is, sal hy lang krokidiltrane huil en urelange goedgemotiveerde betoë lewer ter ondersteuning van lang hare.

In dieselfde asem kan die antilangbroek, das en baadjie-brigade genoem word. Indien 'n universiteit nie 'n akademiese instelling waar dit in die eerste plek gaan om die verbreding van kennis en die gepaardgaande persoonlikheidsvorming was nie, maar 'n vakansie- of ontspanningsoord, kon argumente vir 'n daslose safaripak-atmosfeer opgegaan het.

In dieselfde asem as die vryheidsvegters vir lang hare en stranddrag, kan ons noem, hoewel op 'n ietwat hoër intellektuele vlak, die vryheidsvegters vir studenteseggenskap in die owerheidinstellings van 'n universiteit. Iets wat gewoonlik subtiel begin en dan sneeubal tot bloedige revolusie.

Die oorsaak hiervan kan tweërlei wees: Of as gevolg van suiwer akademiese briljansie wat 'n oormaat van vrye tyd laat wat dan aangewend word op 'n wyse wat die briljante jong strewer na mag bevredig, of as gevolg van belangloosheid in die akademie wat ook 'n surplus van vrye tyd laat.

Om te sê: "skoenmaker hou jou by jou lees", sal miskien wees om 'n ernstige saak te maklik af te maak, maar 'n feit wat soos 'n paal bo water staan is dat die student wat 'n universiteit se sake vir hom wil reël nie verwaand is nie, maar suiwer domastrant.

REFLEKTOR.

## Pianiste bekoor

Die beroemde Spaanse pianiste, Alicia de Larrocha, het Saterdagaand haar gehoor met spel uit die boonste rakke vergas.

Die program, wat uitsluitlik uit werke van Spanje en Frankryk bestaan het, is uiters virtuoos uitgevoer. Tog is dit haar sensitiewe en stylvolle vertolking wat bowenal getref en sekerlik 'n hoogtepunt bereik het in die "Iberia"-Suite van Albeniz. Hierdie werk is besonder verbeeldingryk en pragtige klankkwaliteit en -kontraste is verkry.



Prof. N. Swart.
*Fotokuns.*

## Volkekunde na tuislande

'n Gekombineerde groep van 15 Volkekunde- en Naturelle-administrasiestudente was die afgelope vakansie op 'n toer na twee Bantoetuislande: die Venda tuisland was hulle uiteindelike bestemming en dan het hulle nog die tuisland van die Mashangana besoek.

Hulle het die 29ste Maart vertrek met drie Landrovers. In beide tuislande het hulle gidse gehad, wat hulle begelei het na statte van kapteins. Gebeure soos die huweliksdans, die oorlogsdans en selfs 'n domba-seremonie is bygewoon. Om beide akademiese groepe van die toer praktiese ondervinding te gee, het hulle ook die administrasie van die tuislande nader beskou. Die groep is toegespreek deur die onderskeie Hoofraadslede en Raadslede.

## ONS STEL BEKEND

# PROF. N. SWART

Prof. N. J. Swart is op 8 April 1940 in Gobabis gebore. Agtien jaar later matrikuleer hy aan die Hoërskool Gobabis. Hy verwerf 'n beurs van die Suidwes-Administrasie om B.Comm. en onderwysdiploma te kom studeer aan die Puk. Hy skryf in 1958 vir die kursus in. In 1961 ontvang hy die graad, maar in plaas van onderwysdiploma skryf hy in vir B. Comm. (honns.) Hy slaag die graad met onderskeiding in 1962. M.Comm. slaag hy ook met onderskeiding in 1963. November 1964 vertre prof. Swart na Europa om daar sy doktorsgraad te verwerf. Hy verwerf dit ih 1967 en keer in Augustus dieselfde jaar terug na die Puk.

In 1963 is hy as junior lektor in bedryfsekonomie aangestel, 1964 lektor en aan die begin van 1968 word hy aangestel as senior lektor.

In Europa het hy 'n studie gemaak van die bestuurshulp in klein ondernemings. Die studie gee aanleiding tot die stigting van die Instituut vir Kleinhandelaars op 1 April 1970.

Op die dag van die stigting van die instituut word hy aangestel as professor in die departement Bedryfsekonomie. Verder is hy op die dag ook aangestel as direkteur van die instituut. Prof. Swart dien al die afgelope twee jaar op die hoofbestuur van die Afrikaanse Handelsinstituut.

Prof. Swart het vir twee jaar op die studenteraad gedien as penningmeester.

Hy was ook voorsitter van die Ekonomiese vereniging en sportverslaggewer van die *Wapad.* Hy speel ook vir die eerste rugbyspan in 1962.

Hy het al in verskeie plaaslike en oorsese tydskrifte artikels gepubliseer.

In Junie 1965 is hy in Amerika met Anita van der Merwe getroud.

Prof. Swart het op Vrydag, 14 April 1972 sy inougurele rede, getiteld DIE KONSENTRASIE VAN EKONOMIESE MAG IN DIE PRIVATE SEKTOR VAN DIE MODERNE KAPITALISME, gehou.

In sy rede het prof. Swart 'n ontleding gemaak van die struktuurveranderinge wat die private sektor van die moderne kapitalisme oor die afgelope 70 jaar ondergaan het.

Volgens prof. Swart wil dit voorkom of die staat 'n toenemende rol in die private sektor van die Westerse kapitalisme gaan speel.

In verband met die rol en posisie van die groot bedryf, het hy verwys na die feit dat bedryfsleiers te maklik beweer dat die Staat die vrye markmeganisme moet bewaar sonder om in ag te neem dat die private sektor self besig is om hierdie meganisme nie meer "vry" te hou nie.

## KARNAVAL

Asters, julle kan gerus die manne 'n bietjie wys hoe 'n mens gees vang tydens Karnaval. Kom neem deel aan die jolyt, gaan mal, gaan groot. Die sewende vloer van Karlien daag die ander koshuise uit om meer gees en entoesiasme te hê as hulle vir die komende karnaval. Nico Ligthelm en die Karnaval-komitee moet nie eers weet wat hulle tref as julle in julle massas opruk nie.


**A. VORSTER APTEEK**

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)

★

**Octron-gebou**
**Lombardstraat**

★

VIR VINNIGE AFLEWERING

**SKAKEL 7074**


# KARNAVALBEPLANNING IN FINALE STADIUM

**KARNAVAL '72 is voor die deur! Pukke is alte geneig om te dink dat hulle nog lank moet wag vir Karnaval, maar oor 'n week is die groot jolyt van die jaar in volle swang.**

Soos in die verlede, word voorafgaande aksies aangebied om die studente in die regte stemming vir Karnaval te bring.

Die eerste voorafgaande aksie is op Donderdag 27 April. Dit behels 'n filmpremiere in die 20th Century te Potchefstroom. Die premiere wat vertoon word, is Steve McQueen se jongste fliek oor motortydrenne, *Le Mans.* Om hierdie aksie nog meer aanloklik te maak, sal 'n orkes voor die vertoning, asook gedurende pouse, ligte musiek verskaf. Die vertoning begin om 8 nm. en is uitsluitlik 'n Puk-aksie. Vervoer sal vir voetgangers gereël word en kaartjies is elke middag tussen 1.30 nm. en 2.00 nm. by die S.R.-kantoor beskikbaar. Bespreek net vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

Die tweede voorafgaande aksie is een van die geleenthede van Karnaval '72.

Gerhard Viviers en Jan Snyman kom maak Vrydagaand, 28 April in die Totiussaal opnames vir hulle program oor Ateljee '72 van die S.A.U.K „Sportraaisels en Rande". Daar sal twee opnames wees, met die doel om al ons studente die geleentheid te gee om deel te neem. Die eerste opname vind plaas om 7.30 nm. en die tweede om 8.30 nm. 'n Ernstige beroep word op Pukke gedoen om asseblief samewerking te gee en slegs EEN van die twee opnames by te woon. Sodoende kry ons almal die geleentheid om vermaak te word.

Die deelnemers aan hierdie sportvasvra, wat veral sal handel oor rugby sedert 1891, sal plaaslike studente wees. Ons verwag dat die PU se naam hooggehou sal word, want een van die deelnemers, Gert van Jaarsveldt, het reeds vantevore deelgeneem en oor vier rondtes gewen.

Vir die gehoor is daar ook groot pryse op die spel en geen toegang sal gevra word nie. Besprekings kan vanaf Maandag 24 April by die S.R.-kantoor gedoen word. 'n Beroep word op Pukke gedoen om so gou as moontlik die besprekings te doen want slegs 'n beperkte aantal plekke is beskikbaar.

Die Karnavalprogram sien as volg daar uit:

**Dinsdag 2 Mei:**
Amptelike opening wat waargeneem sal word deur **Jan Snyman**, die president van Ateljee '72. Die verrigtinge begin om 6.30 nm.

**Woensdag 3 Mei:**
Stalletjiesdag. 'n Vol en aantreklike program wag op ons, o.a. **Groep 2** wat sal optree; valskermvertohing; buikspreker, towenaar. Kom kyk en geniet gerus.

**Donderdag 4 Mei:**
Verassingskonsert.

**Saterdag 6 Mei:**
Vlotoptog en formele afsluitingsfunksie gekombineer met 'n kabaretvertoning.

Hou gerus die plakkate en die volgende Wapad"" dop vir volle besonderhede.

VIR DIE DAMES:

# RESEPPE VIR BRAAIVLEIS

Strooi sout en peper oor na smaak.

Rooster op toeklaprooster of in foelie of net op die rooster oor stadige kole. Indien dit in foelie gebraai word, sit dit tussen die kole in.

●

**'n Braaivleispoeding:**

Frankfurters.
Ingelegde halwe perskes en kersies.
Sampioensambreeltjies.

Ryg alle bestandele afwisselend op braaipenne.

Smeer gesmelte botter oor en braai agt minute.

(Enige ander vrugte en vleisegrigheid kan gebruik word. Dit kan ook net van sout bestandele of net van soet bestandele gemaak word).

**'n Heerlike koeldrank:**

1 Bottel aanmaak koeldrank (lemoen of nartjie).
1 Blikkie grenadellamoes.
Gemengde vrugte in fyn stukkies gesny.
1 Liter lemonade.

Meng alles goed en voeg die lemonade by net voor bediening.

●

**Gebraaide toebroodjies:**

Volgraan brood.
Uie en tamaties in skywe (soetrissies).
Kaassmeer.

Smeer die snye met die kaassmeer dit gee 'n besonddere smaak.

Gebruik die uie ,tamaties en soetrissies as vulsel.


BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

BY VOORKEUR

# Thalia verkry opvoerregte

**In weerwil van gerugte wat rondgaan dat Thalia nie opvoerregte vir die Langenhoven-revue: "*Sagmoedige Neelsie*" verkry het nie, gaan die program voort. Die regisseur en bestuur van Thalia het dit vandeesweek bevestig dat mej. Sarah Goldblatt, Administratrise van Langenhoven se Letterkundige Nalatenskap, opvoerregte toegestaan het.**

Hierdie finale beslissing is met entoesiasme deur Thalia-lede aan vaar omdat die program mooi begin vorm aanneem en repetisies fluks vorder. Die algemene gevoel is juis dat "*Sagmoedige Neelsie*" die pad oopmaak vir volgehde jaar se Langenhoven feesverrigtinge.

Die letterkundige revue, wat deur mnr. Abri le Roux, permanente produksieleier/regisseur van Thalia saamgestel is uit Langenhoven se werke, beloof om een van die interessantste teaterprogramme te wees wat toneelliefhebbers nog op die kampus gesien het. Die een oomblik gaan gehore skaterlag en die volgende oomblik ernstig besin — miskien kan 'n mens dit 'n "spel van emosies" noem. Die regisseur en spelers poog om die essensie van Langenhoven raak te vat.

Jacques Verster, voorsitter van Thalia, tree op as verteller. Sy rol hou glo verrassende buigbaarheid in. Adri le Roux speel self die rol van Sagmoedige Neelsie, Estelle de Jager is Vroutjie en Sandra Ferreira is Engela. Die ander spelers is (daar is bykans veertig altesaam) is volgens die regisseur bedrewe, vol vitaliteit en heerlik om mee saam te werk".

'n Sangkoor van twaalf lede wat vir splinternuwe vertolkings van ou en nuwe liedjies uit Langenhoven en deur Langenhoven sorg, word deur die bekwame teaterman, mnr. Peet van Rensburg, afgerig.

Hy het verlede jaar gesorg vir 'n kraakvars vertolking van Afrikaanse volksliedjies in "*Maltrapstreke uit Toeka se Dae*" Cecile Kirchner, wat die vakansie skoonskip gemaak het in Kuesta se sangafdeling, gaan Johann van der Merwe se toonsetting van 'n Langenhoven gedig vertolk, 'n komposisie wat die toehoorder na die planete toe neem.

In die Kaap wag die mense met oorgehaalde belangstelling sê Thalia se voorsitter, Jacques Verster, wat saam met die skakelbeampte/ondervoorsitter Gerrit Pienaar, 'n skakeltoer tydens die vakansie onderneem het. Die organiseerders in elke stad en dorp, wat reeds strooibiljette en kleurvolle plakkate ontvang het, belowe vol sale en tonne Langenhoven-liefhebbers. Hoogtepunte behoort te wees Oudshoorn, Bloemfontein, Bellville, Stellenbosch, Welkom, Pretoria, Johannesburg, om nie die bootreis vanaf Kaapstad na Oos-Londen uit te skakel nie!

Vir die eerste keer in Thalia se geskiedenis is 'n regisseur "afgevlieg" om opvoerregte te verkry. Mnr. le Roux en Anrie Myburgh, choreograaf/kostuumontwerpster, het benoude en verrykende oomblikke beleef toe hulle deur 'n private vliegmaatskappy vanaf Germiston Kaapstad toe vervoer is in 'n sessitplek Piper Cherokee.

Opvoerregte is verkry, toerreëlings verloop seepglad, maar Thalia soek nog 'n speler. Daar word gesoek na 'n manlike speler met 'n stewige liggaamsbou en 'n lekker diep stem om die rol van Oom Stoffel Gieljam te vertolk. Pukke wat belangstel kan met die regisseurs en bestuurslede skakel op Maandae-, Dinsdaeen Woensdagaande in die repitisielokaal wat op die Thaliakennisgewingbord aangedui word Die beloning vir die regte Stoffel Gieljam is 'n sprankelende teateraanbieding en 'n studentetoer soos min.


## 20th Century

**Vry. en Sat., 21 en 22 April:**

**"THE MEN FROM THE MINISTRY"**

John Simpson, Bess Finney.

★

**Maan. en Dins., 24 en 25:**

**"TASTE THE BLOOD OF DRACULA"**

Christopher Lee. (4-16).

★

**Woens. 26:**

**"MOON ZERO TWO"**

James Olson.

★

**Don. 27 tot Dins. 2 Mei:**

**"LE MANS"**

Steve McQueen.

## Goue Weste

**Vry. en Sat., 21 en 22 April om 7-uur nm.:**

**"THIS MAN CANNOT DIE"**

Guy Malden.

★

**Vry. en Sat., 21 en 22 April om 9-uur nm.:**

**"A CERTAIN SMILE"**

Rosanno Brazzi. (4-16)

★

**Maan. 24 tot Don. 27 om 7 nm.: Vry. en Sat., 28 en 29 (albei vertonings):**

**"DIE BANNELING"**

Doh Leonard, Marie du Toit.

★

**Maan. 1 tot Sat. 6 Mei:**

**"DIE LEWE SONDER JOU"**

Don Leonard.

## Potch. Inry

**Vry, en Sat., 21 en 22 April om 6.45 nm.:**

**"VANISHING POINT"**

Barry Newman.

★

**Vry. en Sat., 21 en 22 Maart om 9-uur nm.:**

**"THE KREMLIN LETTER"**

Nigel Green (4-18).

★

**Maan. en Dins., 24 en 25 om 7 nm.; Vry. en Sat., 28 en 29 om 9-uur nm.:**

**"BLACK VEIL FOR LISA"**

John Mills (4-16).

★

**Woens. 26 en Don. 27 om 7 nm.; Vry. en Sat., 28 en 29 om 6.45:**

**"OPERATION HEARTBEAT"**

Richard Bradford, James Daly

★

**Maan. 1 tot Sat. 6 Mei:**

**"SOME WILL, SOME WONT"**


# OOR DIE ONDERDEUR

Geagte mnr., of is dit dalk mej. Agie,

Ons het lekker vakansie gehou, baie gesleep en natuurlik met die nuwe maatjies gesleep. Nou moet ons egter alweer in ons pasoppens wees, want iewers op die kampus beweeg 'n nuuskierige Agie. Ons gaan voort met ons boikot teen inmenging in ons private sake. Netnou gaan ons op 'n sleepstaking, dan sit jy maar lelik in die knyp, nê?

Jou nuus van die week sal jy dus nie kan gebruik nie vanweë die boikot nie.

Alhoewel 'n paar Pukke die vakansie verloof geraak het, byvoorbeeld **Marietjie van Aswegen, Marietha van der Walt** (wat 'n ring!) en **Annie Benink**, is **Hanlie Dreyer** nog nie verloof aan haar Matie-ingenieur nie. (Al het dit op Kuesta so gelyk).

Geskiedenis was nog altyd **Andre Lubbe** se groot liefde, maar hy gaan beslis nie so baie Karlien toe om te sleep nie, bloot net om geskiedenis te maak.

Die ouens van Over de Voor het nie tyd om te sleep nie — die akademie druk te kwaai, daarom het **Esme Wessels** maar **Louis Pienaar** se voorbeeld gevolg en haar oorgegee aan die boeke.

Blikkies het nie twee motors nie, hulle sleep net soms in **Beatrice** s'n.

Natuurlik het **James Stoffberg** 'n "Jumbo": hoe anders kan hy dan ooit sleep.

**Stadler van Zyl** speel nie tennis om vir **Annemarie Slabbert** te sien nie, want hy sien dan niemand as hy golf speel nie.

**Kobus van der Walt** hou miskien van lang, blonde hare, wie weet?

Farmasie kan onmoontlik 'n moeilike kursus wees so baie van die Farmaseute sleep dan vas. As daar enige twyfel bestaan vra vir **Martie de Witt** en **Francois du Toit.**

Dit is verskriklik om te dink dat Philma van Rensburg nooit weer verloof sal kan raak nie, want **Tom Bischoff** het so pas aan haar verloof geraak.

Toere het soms .omplikasies en nagevolge. Kyk nou byvoorbeeld na die geval van Susan Venter en **Hannes Myburg** en selfs **Ria van Wyk** gebruik nou en dan die telefoon.

**Adre van Rensburg** het moeite om dokter **Johan** van die Kultuur te vervreem. Vereniging se verpleegsterstehuis was nog nooit 'n hospitaal nie, **Chris Swart.**

Oor **Kierie de Jager** hoef niemand hulle te bekommer nie, sy meisie het net van koshuis verwissel.

Die seniors stel 'n swak voorbeeld vir die eerstejaars, selfs **Nettie van Kulu** is nou verloof.

Kulu se drimpel is skoon afgeloop, nou moet **Ewald Oberholster** en **Hennie de Villiers** maar die gevolge dra.

**Jessie le Grange** kon ongelukkig met net 38 van die 40 Pukkies terugkeer van die Pukkieverkope. Haar sleep op Bloemfontein het sowaar twee gekoop.

Kovsies en Pukke wil glo betoog as die twee Universiteite nie voor Intervarsity amalgameer nie. Jammer dit is eintlik net **Annelie Malan** en **Gerhard Bezuidenhout, Nelie van Rooyen** en **Thys.**

Schuur se manne kan dit nou maar eenmaal nie kleinkry waarom **Connie Scheepers** so baie by Kasteel kom nie, miskien eet hy net daar?

Die 29ste April kan **Wendy Macaskill** nie braaivleis gaan hou nie, sy gaan dan trou met **Kobus Strydom.**

Nou ja Agie, probeer maar volgende keer weer.

Die uwe,

PUKKE.

N.S. Gaan mal tydens Karnaval, Sleepers.

# Pukkie beter as ooit

**'n Rekordgetal *Pukkies* is op Saterdag, 25 Maart suksesvol versprei Die oplaag van 35 000 is ongeveer 'n kwart meer as die vorige oplaag en op hierdie stadium lyk dit of alle *Pukkies* verkoop is.**

Volgens die redakteur van die *Pukkie*, mnr. Jacques Verster, het die stelsel van verspreiding op koshuisbasis besonder goed gewerk en in die toekoms kan die oplaag heelwat vergroot word as dieselfde stelsel nagevolg word. Die koshuiskomitees was besonder behulpsaam met die verspreiding en daar is nog geen koshuis wat van hulle kwota teruggebring het nie.

Die standaard van die *Pukkie* was vanjaar besonder hoog. Die grappe is deurgaans van goeie gehalte sonder om van die humor in te boet. Die tipografie is netjies en veral die voorblad trek onmiddellik die aandag. Die enigste puntjie van kritiek is die slordige plasing van die redaksieen karnavalkomiteefoto's.

Die *Pukkie* is vanjaar op meer plekke te koop aangebied as vantevore. Benewens stede soos Bloemfontein, Johannesburg en Pretoria waar gewoonlik verkoop is, is daar besonder klem gelê op verkope in Pietersburg, Witbank, Middelburg, Bronkhortspruit, Welkom en Odendaalsrus.

'n Groot aantal seniors het meegedoen aan die verspreiding. Aangesien *Pukkie*verkope geen rol meer speel in die verkryging van kleurpunt nie, is dit verblydend dat die seniors ook inspring met die verkope en op so 'n wyse kan daar baie meer *Pukkies* versprei word op 'n aangename wyse, het mnr. Verster gesê.



**Die redakteur van *Die Pukkie*, mnr. Jacques Verster, oorhandig die eerste eksemplaar aan die onderburgemeester van Potchefstroom, mnr. J. du Raan.** *Fotokuns.*


HUIS en TUIN

**Vir al u Studentebehoeftes.**

★

**Tel. 4641**

★

**U KEN ONS**

JOUBERT MEUBELS

★

*Kom besoek ons vir*

MEUBELS VAN GEHALTE EN

GRAMMOFOONPLATE

**Kerkstraat 201 POTCHEFSTROOM Telefoon 3420**

# MONTIUM KLIM SANI-PAS

**VANAF 29 April tot 3 Maart was die Drakensberge Montium se voorland. Hierdie keer was dit Sani-pas toe, d.w.s. van Natal se kant af Lesotho in.**

Vir die meeste van die toerlede was dit nog in nuwe stukkie Drakensberge waarmee hulle ken nis gemaak het en elke keer dink 'n mens blykbaar dat jy nou seker die mooiste deel van die grootste berge gesien het, net om in volgende keer maar weer verstom te staan voor die natuurskoon.

Na twee dagtoere op die plato en genoeg koue en son om met verkoue sowel as vel-af neuse terug te kom, moes die pas Saterdagmiddag weer aangedurf word om te verhoed dat daar dalk groot finansiële skade is. Die skuur waar in daar geskaap is, het bietjie duur blyk te wees.

Die oorblywende twee nagte en een dag het die gasvryheid van die ruimte langs die nasionale pad die oplossing gebied en 'n heerlike kamp is opgeslaan. Hier het die kampvuur tot sy reg gekom. Die eerstejaar „weeldeartikels" (Bom se benaming) het gesorg vir koffie om die kampvuur en een aand is daar selfs 'n kitaar opgetower.

Sondag is 'n uitstappie na Boesmantekeninge onderneem. Almal het die aanduidings van die blou klippe nadie tekeninge gevolg, maar ongelukkig het almal dit nie terug gevolg nie. Die gevolg was dat drie groepe in verskillende stadia van uitputting en variasie van roetes, by die motors teruggekom het. Die gevolg van die uitstappie is dat Linda Coetzee se bril, wat aan Bom se sorg toevertrou is, nog lê en tekeninge kyk.

Die paar krankes wat by die kamp agtergebly het, het gesorg vir 'n mooi netjiese kamp en skoon kookgereedskap en die aandete was 'n fees. Maandagoggend is die terugtog vroeg na 'n ontbyt aangepak.

As 'n mens enige van die Montiumlede raakloop en vra „Hoe was die Sani-pas toer?" kry jy net een antwoord: „Groot' Groot-gees, groot natuurskoon, groot organisasie en groot lekker-eet. Koffie in die bed, vrywillige eerstejaardiens en kampvuurbande wat gesmee is, maak die toer onvergeetlik. Die sewe-en-twintig toerlede het soos 'n groot familie teruggekom. Saterdagaand word 'n reunie in die vorm van 'n interfliek gehou.

## VEREISTES VIR BEURSE VERHOOG

In 'n nuusbrief wat vandeesmaand deur die Raad vir Geeseswetenskaplike Navorsing uitgereik is, is bekendgemaak dat 'n bedrag van R387 500 goedgekeur is vir die beurse en toekennings vir die boekjaar met ingang van 1 April 1972. Voorsiening is gemaak vir senior beurse, beurse vir voltydse studie vir 'n doktorsgraad, beurse vir die studie na die verkryging van 'n meestersgraad en opleiding in navorsing oorsee en ad hoc-toekennings. Ook moes voorsiening geraak word vir voltydse studie vir 'n honneurs of 'n meestersgraad.

Ten einde te verseker dat soveel kandidate as moontlik 'n mate van hulp ontvang, het die Raad dit goedgekeur dat die waarde van 'n beurs vir voltydse studie vir 'n honneursgraad in 1972/73 verminder word van R600 na R400 en vir voltydse studie vir 'n meestersgraad van R700 na R500 en dat die vereiste om vir 'n beurs in aanmerking te kom, van 65% na 68% in 'n vo ige graadeksamen in die vak waarin 'n kandidaat gekwalifiseer het, verhoog word.

Die moontlikheid dat aanvullende fondse vir toekennings en beurse vir 1972/73 voorsien sal word, is gering.

## Verbode "Tjol" versprei

Die Randse Afrikaanse Universiteit het sy joolblad, *Tjol*, goed onder die aandag van die publiek gebring deur voor te gee dat sy verspreiding verbied is.

Die Studenteraadsvoorsitter van RAU het volgens berigte geweier dat die blad versprei word voordat sekere dele verwyder is nie. Die Amokkomitee en die redaksie het gesê dat hulle nie die bevoegdheid het om die verspreiding te verbied. Die joolblaaie is agter slot en grendel gehou om verspreiding te voorkom.

Die kritiek was teen die middelste gedeelte van die blad waarin 'n aantal kleurvolle grappe en 'n droogtevariasie op „Die Stem" verskyn. Die Studenteraad het beweer dat die gedeelte nie aan die sensors voorgelê is nie en dat die inhoud daarvan, „obseen" is.

Nieteenstaande al die kritiek het die blad verskyn en as gevolg van die kritiek het dit soos soetkoek verkoop.

## ADMISSIEBOND TOER

**DIE ADMISSIEBOND het die afgelope vakansie vir die tweede agtereenvolgende jaar die stoute skoene aangetrek om 'n uitgebreide konserttoer, hierdie keer na Kaapland, te onderneem.**

Die doel van hierdie toere is die insameling van fondse ten einde verdienstelike, hulpbehoewende studente in eie geledere finansieel te steun.

Op Dinsdag 28 Maart het die 14 dames en 25 mans met die Puk-bus en 'n sleepwa (vir bagasie, dekor en as advertensie) na die plek van eerste optrede, Kimberley, vertrek.

Ben en Elma Maree het as toerouers opgetree en Malan Louw as toerleier. Die groep het saans by die volgende plekke opgetree:

Kimberley: 29 Maart, De Aar: 30 Maart, Victoria-Wes: 1 April, Oudtshoorn: 4 April, George: 5 April, Knysna: 6 April, Mosselbaai: 7 April en Hartenbos: 10 April.

Die eerste deel van die program het bestaan uit liedjies uit verskillende lande: „Volksliedjiekaperjolle" en die tweede deel uit 'n eenbedryf: „Storm".

Alhoewel kaartjies vooraf gestuur is om verkoop te word, het die groep tydens die toer ook nog verkoop. So is op Beaufort-Wes die mooi bedray van R565 ingesamel.

Tyd vir ontspanning was daar egter ook. Op Oudtshoorn is die Kangogrotte, die huis van Langenhoven „Arbeidsgenot" en die Safari-volstruisplaas besoek. Daar is natuurlik volstruis gery „afgeval en seergekry, opgeklim en weer gery".

**Mnr. H. M. Robinson, Direkteur van Ontwikkeling aan die Potchefstroomse Universiteit (regs) toon aan mnr. F. J. Stiglingh, Besturder van Openbare Betrekkinge van die Rio Tinto myngroep in Suid-Afrikn waar die Departement Geologie van die Universiteit tans gehuisves is. Die foto is geneem by geleentheid van mnr. Stiglingh se besoek aan die Universiteit op 24 Maart om 'n skenking van R5 000 namens die Phalaborwa-myn aan die P.U. se Ontwikkelingsfonds te maak. Hierdie skenking bring die totaal deur die Maatskappy geskenk op R10 000 te staan.**



**Mnr. Koos (Kaffer) Kruger, die burgemeester van Tarentaal en mnr. J. du Raan, die onderburgemeester van Potchefstroom, het die baan geopen tydens die onlangse kruiwaresies in die hoofstraat.** *Fotokuns.*



## Opening van baan . . .

## Uitsonderlike Prestasies





**Links verskyn mej. Elizabeth Steyn wat Vrydag tydens die gradeplegtigheid die B.A.-graad met onderskeidinge in Latyn, Engels en Frans ontvang het. Mnr. Chris de Beer (regs) ontvang Saterdag die graad LL.B. met vyf onderskeidings.** *Fotokuns.*

## MONOFIETS op kampus

'N NUWIGHEID op die kampus, 'n monofiets, het sy verskyning gemaak. Dit bestaan slegs uit een wiel met trappe waarop 'n saal gemonteer is.

„Ek het geen parkeerprobleme nie, maar so af en toe raak die ryding weg as my maats gekskeer." Die man wat so gesels is mnr. G. G. P. (Deon) Buys, 'n student aan die P.U. wat vir die Hoër Nasionale Onderwysdiploma ingeskryf het.

Mnr. Buys trek natuurlik ooral aandag met sy monofiets. Die gerief daarvan is dat dit relatief klein en lig is. Hy moet net vinnig trap om oor die weg te kom.

Mnr. Buys vertel dat hy die idee by 'n vriend gesien het. Hy het daad by die woord gevoeg en 'n ou bromponiewiel aangeskaf. Met so bietjie hulp van elders het hy toe die „ryding" geprakseer.

Hy het somar gou geleer aan so 'n paar toertjies ook. Mnr. Buys het egter al teëspoed gekry. Hy het die ding vir 'n verkeersbeampte te ry aangebied en het . . ! Daarna het hy op stoepe gery wat vir fietsry verbode is. Dit het glo mooipraat gekos om die verkeersmanne te oortuig dat daar vir die soort van ding nog nie voorsiening gemaak is nie.

## Gesonde ontspanning?

Geagte Redakteur,

Ek het al begin wonder waarom word ons nie gesonde ontspanning op die Puk gebied nie?

Om tot 'n punt te kom, verwys ek na die reuse studentesentrum wat beplan word. Dit bestaan uit sportsale en verder 'n aantal leë sale vir byeenkomste.

Goed, ek skik my heeltemal met die reëling dat daar op die Puk nie gedans mag word nie, want nie ek of enige iemand sal doodgaan of iets oorkom as ons nie dans nie. Maar ek vra u: waarmee moet ons ons besig hou? Hoekom is daar nie beplan vir iets soos 'n ysskaatsbaan nie? Ek dinkdit kan slegs gedoen word deur iets positiefs te stel in die plek van die negatiewe.

Ek eindig my pleidooi met die hoop dat Karnaval '72 vir ons iets sal inhou op die vlak van ontwikkeling in kultuur waarop ons beweeg, en mag Puk sy Christelike karakter ook uitbou op ontspanningsgebied.

GOGGA.

(Elders in hierdie uitgawe verskyn 'n berig oor die pasgestigde naweekontspanningskomitee van die Studenteraad. — Red.)

# SÊR-KOMPETISIE



Die wenners in die mans- en damesafdeling van die Sêrkompetisie, Makouvlei en Klawerhof, vier hulle oorwinning in Klawerhof se sitkamer. *Fotokuns.*



Mnr. Leo van Schaik (middel) oorhandig die eerste prys in die mansafdeling van die Sêr-kompetisie aan Makoubvlei, terwyl mnr. Johan van Rensburg (links) toekyk. *Fotokuns.*

## S.A.B. STIG KOMITEES

**Die student word in alle aspekte ten nouste betrek by die jaarprogram van die S.A.B.**

Gedurende die jaar sal daar vier vergaderings deur hulle gehou word waarop ondermeer die skakeling met die owerheid i.v.m. akademiese aangeleenthede bespreek sal word. Hulle program sluit ook 'n bespreking van S.R.-aangeleendhede in en 'n simposium.

Die simposium vind op 2 Augustus 1972 plaas en die onderwerp is Akademiese Vryheid. As sprekers sal optree prof. H. J. J. Bingle en prof. S. C. W. Duvenhage. Die studente word by voorbaat na die simposium genooi.

Die S.A.B. het verskeie kommitees gestig om hulle werk te vergemaklik. Die simposiumkomitee sal die simposium reël. Die stigting van vakverenigings val onder die sorg van die bevorderings-komitee. Hulle sal ook navorsing doen oor die student se akademiese behoeftes en vergaderwyses van geaffilieerde verenigings .Die werkverskaffings-komitee sal vir die studente werk reël gedurende vakansies as ook voltydse werk deur skakeling met die owerheid, nywerhede en die A.S.B. Die komitee vir die verskaffing van tweedehandse boeke sal beslis van baie waarde wees vir die student. Die publikasiekomitee sal die publikasies van die S.A.B. behartig.

Die S.A.B. wil hierdie beplanning uitvoer in die lig dat hulle van God afhanklik is vir alles wat hulle doen.



Die asters van Oosterhof verdryf die „winterkoue" deur gesellig saam te sing. Hulle het tweede gekom in die damesafdeling van die Sêr-kompetisie. *Fo tokuns.*

Tydens die onlangse Sêr-kompetisie het Karlien besonder mooi vertoon op die verhoog. *Fotokuns.*



## KURSUS BYGEWOON TE BUFFELSPOORT

GEDURENDE die naweek 16-19 Maart het 'n afvaardiging van die Studenteraad die kursus van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys te Buffelspoort bygewoon.

Christelike Wetenskap staan vandag midde in die akademiese belangstelling van die Christelike Suid-Afrika. Sommige egter, beweer dat Christelike wetenskap geen bestaansreg het nie. Die V.C.H.O. daarenteen het die bevordering van Christelike Wetenskap as een van sy belangrikste doelstellings neergelê.

Die kursus is in medewerking met die ASB en die FAK Kultuurbevordering van die Departement Nasionale Opvoeding aangebied. Die tema van die kursus was „Christelike Wetenskap." Daar is vrugbare besprekings tydens die konferensie gevoer.

Die afvaardiging is aangevul deur 'n sewetal Puk-studente onder wie Gerhard Coetzee en dr. Elain Botha getel het.

# GAAN MAL OP KARNAVAL

# OP DIE KOSHUISFRONT

**KULU:**

Kort voor die vakansie het 'n stille verandering plaasgevind. Kulu het 'n nuwe koshuistannie gekry — tannie Pretorius van Kasteel. Die eerste teken hiervan is 'n eie koffiekan en so is ons tradisionele „kotefie" hopelik vir altyd die nek ingeslaan.

Hiermee styg ook dan Kulu se aansien. Ons was die eerste dames om die „veelbesproke" toekoms van nader te beskou. Ja-nee, 'n tweede en beter keuse kon hulle nie gemaak het nie!!

En nou lê die gesogte vlotbouery voor die deur! Kulu wonder net „terloops" waarom Gatland so 'n aktuele vlottema gekies het. Toemaar, ons mag mos wonder, nie waar nie?

**KARLIEN:**

Al kan ons nou nie so danig goed sing nie, geniet ons wat ons doen en het ure van genot. Op die atletiekbaan maak Karlien nie foute nie, maar hou ons maar dop in die koshuisliga netbal — om van onthaal en geesvang nie eers te praat nie.

Watter ander 'koshuis spog met drie asters in die „Pukkie"?

Met 'n niwe koshuislied, voel ons aan dat hierdie hoogtepuntjaar gaan wees, soos die eerstejaars ook wel deeglik vertoud geraak het met:

„Heil Karlien! Die heel, heel bakste koshuis op die kampus".

LIBERALIA

Die werk het alweer begin en daarmee ook die sosiale sy van studentwees. Lekker hokkiewedstryde gespeel teen Kasteel, Karlien, Heide en Klawerhof die afgelope tyd en natuurlik nie een verloor nie, alhoewel dit maar moeilik gegaan het teen Klawerhof.

Joe en sy „Ou Ryperd"-sêrgroep het natuurlik derde gekom in die sg. sêrkompetisie wat deesdae in 'n verskeidenheidskonsert ontaard, want 'n mens „dress" definitief nie op om te gaan sêr nie.

Die pasafgelope naweek het ons lekker rugby gaan speel op Mafeking om die gees 'n bietjie reg te kry vir die koshuisliga wat die 22ste begin. Ons speel vanjaar weer alleen as Liberalia en nie meer as Dawie Dup nie. Ons A-span wen Rhodes Park 27-0 en ons B-span wen 6-4.

Op sleepgebied vry ons maar in die bondel, behalwe die paar manne wat Harry Oppenheimer ondersteun o.a. Jan de Kock (uiteindelik!!!!) en Tom Bisschoff.

Met Karnaval voor die deur, sien ons uit na of die vlotbouery of Karlien vloere 1, 2 en 3.

---

**HEIDE:**

Heide wen nou wel nie sêrkompetisie nie, maar daar is tog asters soos Erna, Koenie, Henriëtte en Susan wat lustig in die Universiteitskoor van hulle stemme gebruik maak. Dan is daar natuurlik ook talle verborge talente in ons ongewaardeerde badkamerserenades — moontlik is dit die geluide wat die woord „plesieroord" op die spoedwalletjie voor die koshuis regverdig!

Ongelukkig het die verwikkelinge en dinge van al die toere en kampe die afgelope vakansie nog nie alles uitgelek nie. Daar wag lekker skindernuus aan die begin van die nuwe kwartaal!

Die Karnaval lê voor — en wie is dan nou lus om akademies te verkeer??!

---

**DIE SKUUR**

Na 'n rustige eerste kwartaal, toe die manne die eerstejaar astertjies deurgekyk het, ontstaan daar nou 'n neiging in die vaal geboue om te swot. Dit is onbekend hoe lank hierdie ywer gaan duur.

„Die Skuurder", ons koshuis se eerste en die Kampus se enigste koshuiskoerant, het einde van verlede kwartaal sy verskyning gemaak. Die "Skuur" is besig om op die landkaart te kom!

Met Karnaval voor die deur, het die Skuurmanne alreeds kennis gemaak met hulle vroulike mede-vlotbouers by wyse van intertees. Die Karnaval gaan vir ons groot wees, en wie weet wat daardie week van niksdoen nie alles gaan oplewer nie!

---

**OOSTERHOF:**

Na die Paasreses het ons getalle merkwaardig verminder, want die horde eerstejaars wat ons so oorval het, het nou hul intrek in Kasteel geneem. Gelukkig is daar darem nog genoeg om telefoon- en voordeurdiens te doen!

By die afgelope Kuesta het Cecile Kirchner, Adrê van Rensburg en Philma van Rensburg Oosterhof se naam hoog gehou deurdat hulle baie goed presteer het in hulle onderskeie musiekafdelings waarin meegeding was. Baie geluk!

Geluk ook aan Klawerhof wat verlede kwartaal eerste in die sêr kompetisie gekom het en natuurlik ook aan Oosterhof A en B met 2e en 3e plekke. Dit wil voorkom asof die asters aan hierdie kant van die spoor die PUK se „musiekklikes" is!






Afgesien van die toetse wat nou geskryf word, is die roeringe van karnaval duidelik voelbaar. Die akademie opsy — gaan mal!!

**Dat Karlien al begin gees vang vir Karnaval blyk duidelik uit die gesellige verkeer in hulle ontspanningsaal.** *Fotokuns.*

# Pukke presteer in tafeltennis

**JOHANNESBURG. — Vir die eerste keer in die geskiedenis het twee Puk-dames daarin geslaag om 'n Wes-Transvaalse tafeltennistitel te buit.**

Gedurende die afgelope Wes-Transvaalse geslote tafeltenniskampioenskappe, vanaf 13 tot 17 Maart te Ontdekkers, Johannesburg, het Sonja Kruger en Grizell Azar die damesdubbelspelkampioenskap ingepalm. Hulle het die ou veteraan, Hester Botha en haar maat, J, Hamilton, na 'n baie spannende spel verslaan.

Sonja Kruger het ook tot die damesenkelspel finaal deurgedring, waar sy deur Hester Botha na 'n opwindende spel uitgeskakel is. Was dit nie dat Sonja in die tweede spel 'n slag hard geval het nie, kon die Pukke moontlik ook hierdie titel gewen het.

In die mansenkelspel het Willie von Willich tot die halfeindrondte in die plaatkompetisie deurgedring.

Puk se tafeltennis is besig om groot hoogtes te bereik en die ledetal het in die afgelope jaar meer as verdubbel. Die bestuur vir 1972 is as volg:

Ronnie Joubert (Voorsitter).

Sonja Kruger (Sekretaresse).

Willie von Wilich (Penningmeester).

Die S.A.U. kampioenskappe vind hierdie jaar gedurende die Julievakansie te Stellenbosch plaas. Die dames, as verdedigende kampioene, sal poog om die titel te behou. Die mans, wat verlede jaar tweede in die toernooi geeindig het, het ook groot planne.

## HENGELKLUB PRESTEER

Die Puk-hengelklub het op sy laaste vergadering die pryse uitgedeel vir verlede jaar se wenners.

Die pryswenners was soos volg: Nico Fourie (Barber), Bom Wentler (Onderbek), C. Fick (Geelvis), Lukas van der Walt (Swartbaars) en Freddie Baird (Karp).

Die klub ondervind groot belangstelling by die kompetisies. Die laaste kompetisie is gehou op 18 Maart by die Setlers-Dam. Die kompetisie is gewen deur Tinus Kruger met 'n karp van 7 lb. Freddie Baird het gesorg vir nog 'n klub-rekord toe hy 'n barber van 35 lb. uitgetrek het.

Op 'n algemene vergadering gehou op 20 April is 'n nuwe kompetisie gereël dit sal plaasvind op 29 April by Parys.

## *Orrelis tree op*

Op Dinsdagaand 28 Maart 1972 het die wêreldberoemde Nederlandse orrelis, Feike Asma in die N.G. Kerk (Moedergemeente) te Potchefstroom opgetree. Dit het saamgeval met die gemeente se eeufeesviering, asook die ingebruikneming van hul herboude orrel. Mnr. Asma het wel deeglik getoon dat hy 'n orrelis van wêreldformaat is en sy program het gewissel van werke van Bach tot Widor asook 'n eie komposisie.


KRY U .....

SPESIALE BLOMME VIR 'N SPESIALE ASTER BY

**Fleurette Bloemiste**

KERKSTRAAT 83 TEL. 4062

U het volop keuse in ons grootverskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die potchefstroomse boekhandel"*

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

**POTCH. SPARES**

(PTY.) LTD.

VIR ALLE MOTORONDERDELE EN TOEBEHORE

FOR ALL AUTOMOTIVE PARTS & ACCESSORIES

★

Tel. 6077, 4595 Posbus/P.O. Box 260

39 Lombard Str. 39, Potchefstroom, Tvl.

# Suksesvolle krieketseisoen afgesluit

**Die PUK se krieketklub het die sukses van sy rugbyklub verlede seisoen opgevolg en ook die Wes-Transvaalse krieket oorheers.**

Die eerste span het die kroon gespan op 'n baie goeie en suksesvolle seisoen deur die Scorgiebeker die eerste keer in 66 jaar te verower. Die Puk se 2e span het ook goeie krieket gespeel en die tweede liga gebuit.

Die Puk se krieket kan terugkyk op 'n baie geslaagde seisoen. 'n Oorwinning oor Tukkies en 'n skitterende vertoning teen Wits vroeg in die seisoen het die basis gelê vir die selfvertroue wat nodig was om as ligawenners te eindig.

In die Wes-Transvaalse liga het die Puk regstreekse oorwinnings behaal oor al die klubs, behalwe Klerksdorp. Op die punteleer het die Puk 55 punte behaal teenoor sy naaste teenstander se 44.

Dit is 'n bewys hoe gedug die Puk se krieket in werklikheid is. Ongelukkig het die Puk nie so goed gevaar op die S.A.U.-toernooi nie. Aangesien daar egter verskeie tweedespanspelers in die span was, is dit duidelik dat daar 'n redelike diepte in die Puk se krieket was.

Sias Willemse, Nico Breedt, Mike van Zyl en Oliver Chrisholm, was gekies vir die Wes-Transvaalse span teen die einde van die seisoen. Sias Willemse was ook gekies om die S.A.U. B-span te verteenwoordig na afloop van die toernooi.

Sonder die afrigting en toewyding van die spelers sou die geslaagde seisoen nie moontlik gewees het nie. Ons sê dankie vir al hierdie mense wat gesorg het dat die Puk se krieket bo uitkom en bo sal bly. Ons sien uit na 'n interessante volgende seisoen.

# Pukke wat presteer: Sonja Kruger



Sonja Kruger. *Fotokuns.*

Dit gebeur dikwels dat die sportaandag op sekere sportsoorte toegespits word en kleiner sportsoorte heeltemal oor die hoof gesien word. So word dan nooit gepraat van die briljante vertonings van die jong tafeltennisster, Sonja Kruger.

Sonja matrikuleer in 1970 aan die Lyttletonse Hoërskool. Sedert 1971 is sy 'n student in aptekerswese aan die Puk.

In 1969 het sy die Suid-Afrikaanse Junior vroue/enkel- en dubbelspeltitels ingepalm. In 1970 het sy weer deelgeneem en aan die Junior kampioenskappe en buit die vroue dubbelspel en gemengde dubbelspeltitels.

In 1971 wen sy die enkel en gemengde dubbelspeltitels op die Suid-Afrikaanse Universitêre kampioenskappe. Sy word gekies vir 'n die Proteaspan en ontvang in daardie jaar haar Wes-Transvaalse kleure.

Volgens Sonja het Wally McCamm van Pretoria 'n groot aandeel in haar sukses.



„Het ek jou nie gesê dat jy nié jou hare mag laat sny nie!"

# TENNIS LOOP TEN EINDE

DIE FINALE wedstryde van die P.U.-tenniskampioenskappe het op Saterdag, 25 Maart plaasgevind. Die toernooi is oor 'n tydperk van drie weke gespeel en was baie geslaagd. Daar was baie deelnemers en die spel was oor die algemeen van 'n baie hoë gehalte. Veral die dames is vanjaar baie sterk en behoort baie goed te doen op die S.A.U.-toernooi.

Die finale wedstryde self het baie goeie en spannende spel opgelewer. In die damesenkelspel het Annemarie Slabbert na 'n baie harde en lang wedstryd daarin geslaag om Riheta van Heerden met 6-1, 3-6, 7-5 te klop. Die mansenkelspel is weer maklik deur Elmo Ferreira gewen toe hy Kosie Reed met 6-1, 6-1 geklop het.

Die mansdubbelspel is deur Pieter Campher en Derik Botha gebuit toe hulle pragtig gespeel het om Elmo Ferreira en Kosie Reed met 6-4, 11-13, 6-3 te klop. In die damesdubbelspel het die nommer vier gekeurde paar, Marleen Lombard en Sonia Kruger, na 'n taai stryd daarin gedslaag om Annemarie Slabbert en Riheta van Heerden met 8-6, 4-6, 7-5 te verslaan.

Die gemengde dubbelspel moes gedeeltelik onder spreiligte gespeel word en Pieter Campher en Marleen Lombard het weereens goed presteer om Elmo Ferreira en Enid Rencken, die nommer een gekeurde paar, met 3-6, 6-3, 7-5 te klop.

# KOMPLEKS WEN KOSHUISKRIEKET

DIE KOSHUISKRIEKET-LIGA het op 'n baie opwindende wys geëindig toe Kompleks vir Piet Grobler geklop het. Die span van Kompleks het voortgebou op sy bestendige spel gedurende die seisoen. Kompleks het net twee wedstryde die seisoen verloor. Dat daar baie talent op die Puk is, is bewys deur die standaard van spel in die koshuiswedstryde. Die feit is bevestig deurdat die Puk se eerste en tweede span die liga verower het.

**Koshuisliga**

| *Koshuis* | *Speel* | *Wen* | *Verloor* | *Gelykop* | *Punte* |
|---|---|---|---|---|---|
| Kompleks | 10 | 6 | 2 | 2 | 14 |
| Piet Grobler | 10 | 5 | 4 | 1 | 11 |
| Dawie Dup | 10 | 4 | 4 | 2 | 10 |
| Over de Voor | 10 | 4 | 4 | 2 | 10 |
| Dorp | 10 | 4 | 4 | 2 | 10 |
| Skuur | 10 | 2 | 7 | 1 | 4 |

# OP EIE WERF

**DIE PUK se rugbyseisoen neem Saterdag amptelik in aanvang. Die Puk se spanne het tot dusver net aan oefenwedstryde deelgeneem.**

Saterdag speel die Puk se eerste en tweedespanne teen die Westelikes. Die spanne van die Skuur en Kompleks sal as derde en vierde spanne optree. Die o'20 A-span speel teen Goldfields en die O'20B span teen Weermag.

Twee koshuisspanne het die week oefenwedstryde gespeel. Maandagaand het P.G.D. — die nuwe kombinasie van Piet Grobler en Dorp — met drie spanne teen Viljoenskroon gespeel. Woensdagaand het Kompleks teen Odendaalsrus gespeel en P.G.D. teen Sandrivier.

Die bepalings vir môre is soos volg: P.G.D. teen Makouvlei en Over de Voor teen Liberalia.

---

Vyf Pukspelers het die vakansie vir die Vrystaatse Elande teen Ammosal uitgedraf. Die 5 manne wat hulle goed van hulle taak gekwyt het was, Piet Roodt, Riaan Lotz, Gerhard Botha, Eugene van Wyk en Schalk van der Merwe.

Nie minder as nege Pukke het Woensdagaand aan die Wes-Transvaalse Rugbyproewe deelgeneem. Hulle is S. v.d. Merwe, P. Roodt, J. Nel, E. van Wyk, G. Botha, B. Bernardo, R. Lotz, J. van Rensburg en T. van Rensburg.

Die Wes Transvaalse A- en B-spanne word Saterdagaand gekies om op 29 April teen Oos Transvaal te speel. James Stoffberg en Piet Brand is weens beserings nie genooi om aan die proewe deel te neem nie.

Daar word beoog om nuwe sportklubs te stig. Twee het reeds stigtingsvergaderings gehou. Dit is Kanovaart en moderne Vyfkamp. Die moontlikheid van die stigting van 'n Jukskeiklub word ook ondersoek.


Vriendelike bediening van 'n mede-Afrikaner by . . .

BAILIEPARK PADKAFEE

(Langs die Johannesburgpad geleë)

GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
U tevredenheid is ons
PLESIER!

*Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings*

TEL. 6670



U kan gerus u bande versool by . . .

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak

★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste prysr)